SRA
JONKERSHOEK

# MISDAAD / CRIME BULLETIN

Mar - Apr 2017

## Huisbrake en gewone diefstal

Goeie nuus! Huisbrake en gewone diefstal het afgeneem in vergelyking met dieselfde tydperk verlede jaar. Geen spesifieke dag of tyd staan uit nie.

## Diefstal uit motorvoertuig

Diefstal uit motors het ook afgeneem, vergeleke met verlede jaar dieselfde tyd. Soos te verwagte het die meeste van die voorvalle gedurende die nag of in die vroeë oggendure plaasgevind. Die Jonkershoek SRA sekuriteitswagte het twee persone gearresteer vir diefstal uit 'n motorvoertuig in Simonswyk.

## Huisroof

Daar was ongelukkig 'n huisroof gedurende April op een van die plase, waar die slagoffers vasgebind en items geroof is. Slagoffers is nie beseer tydens die voorval nie. Die verdagtes het vermoedelik te voet gevlug.

## Oproer beskadiging

Die volgende voorvalle wat aangemeld is hou verband met die onwettige optog wat gehou is op die Jonkershoek-valleipad gedurende die langnaweek in April.
Daar is verskeie voorvalle van brandstigting en opsetlike saakbeskadiging aangemeld. Geboue en besighede is geplunder en items is gesteel. Daar was ook 'n gewapende roof by die kampterrein in die omgewing. Slagoffers is gedreig en van hul besittings is gesteel. Niemand is gelukkig tydens die voorval beseer nie. Voertuie is ook deur klipgooi beskadig. Daar is ook 'n saak van aanranding aangemeld.

## Misdaad buite die Jonkershoek SRA-gebied

Gevalle van gewone diefstal, diefstal van 'n motor en OTM-rowe is aangemeld in die omgewing van die Simonsrust Winkelsentrum. Bly asseblief versigtig. Wees asb bedag by alle OTM's vir verdagte aktiwiteite.

Gewapende rowe in die Botmaskoparea is nog steeds 'n probleem. Meeste van die voorvalle vind gewoonlik in die laat namiddag of vroegaand plaas.

**Moet asseblief nie alleen of in klein groepies in dié area gaan stap of fietsry nie.**

## House-breaking and ordinary theft

Good news! House-breaking and ordinary theft has decreased, compared to the same period last year. No specific day or time can be highlighted.

## Theft from cars

Compared to this time last year, thefts from cars has also decreased. As could be expected, the majority of incidents occurred during night time or in the early morning hours. The Jonkershoek SRA security guards arrested two people for theft from a motor vehicle in Simonswyk.

## House robberies

Unfortunately, a house-breaking occurred in April on one of the farms. The victims were tied up and items were robbed. The victims were not injured. The suspects presumably fled on foot.

## Damage during riots

The following incidents are related to the illegal march which was held on the Jonkershoek Valley road during the long weekend in April.
Several incidents of arson and intentional injury to property were reported. Buildings and businesses were looted and goods were stolen. There was also an armed robbery at the local camping site. Victims were threatened and items were stolen from them. Fortunately, no one was injured during the incident. Vehicles were also damaged through stone-throwing. A case of assault was also reported.

## Crime outside the Jonkershoek SRA area

Incidents of ordinary theft, theft of a motor vehicle and ATM robberies were reported in the vicinity of the Simonsrust Shopping Centre. Please stay on the alert. Always be on the alert for suspicious activities at ATM's.

Armed robberies are still a threat in the Botmaskop area. Most incidents occur in the late afternoon or early evening.

**Please do not hike or cycle on your own or in small groups in this area.**